# INFLASIE, DEFLASIE, EN TOEKOMSVERWAGTINGE

## 1. Inleiding.

Dit is die opinie nie alleen van die owerheid nie, maar ook van leidende ekonome van die land, dat Suid-Afrika nou aan die einde gekom het van een van die moeilikste tydperke in sy finansiële geskiedenis, nl. die oorlogtydse en na-oorlogse inflasie. Dit is daarom gepas om op hierdie tydstip in te gaan op die vraagstuk van inflasie aan die hand van die ekonomiese toestande in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekades.

Ons moet egter eers vooraf rekenskap gee van wat onder inflasie verstaan word. Die woord het in die algemene spraakgebruik 'n ruim en wetenskaplik-onjuiste betekenis gekry. Die grootste sondebokke in hierdie verband is die politici wat óf doelbewus óf uit onkunde aan die woord 'n vae inhoud gegee het. Maar ook die skrywers oor die ekonomie is dit glad nie eens oor die begrip nie. Sommige beskou elke prysstyging as inflasie. Ander onderskei weer tussen die goedere- en monetêre oorsake van prysstyging. Alleen wanneer 'n prysstyging die gevolg is van geldoorsake het ons met inflasie te make. Onder geldoorsake word verstaan dié wat die individu se waardering van die geld in sy besit raak.

Die woord inflasie het sy bekendheid verwerf na die Eerste Wêreldoorlog veral weens die monetêre gebeurtenisse in Duitsland. Die Duitse Ryks-

mark het teen November 1923 so gedaal dat een goue Ryksmark gelyk was aan een biljoen papiermarke. As gevolg hiervan kon boere hulle verbande afbetaal met 'n deel van 'n pond botter. 'n Buskaartjie wat voor die oorlog minder as een mark gekos het, het na die oorlog gestyg met meer as 'n miljoen mark. Die rede vir hierdie prysstyging was dat Duitsland sy uitgawes met die druk van nuwe bankbiljette betaal het. Die oorlogsuitgawes was fenomenaal en die staatskuld moes hiermee betaal word. Gewoonlik tree inflasie in gedurende oorlogsjare en die periode daarna as gevolg van die vermindering van die geldwaarde op hierdie wyse.

2. **Faktore wat die geldwaarde laat daal.**

By 'n toename in die geldbesit waardeer die indiwidu die waarde van die geldeenheid laer—by 'n afname styg die waarde. Die indiwidu sal geneig wees om by 'n toename van die geldbesit meer vir 'n artikel te betaal, terwyl hy by 'n afname daarvan weer minder sal betaal. 'n Toename in die geldbesit van die bevolking (onder 'n toestand van volle indiensname) veroorsaak 'n styging in die algemene pryspeil. Hierdie prysstyging word deur die klassieke teoretici as inflasie bestempel.

Volgens die Keynesiaanse hipotese sal 'n toename van die geldbesit onder 'n toestand van grootskaalse onder-indiensname die gevolg hê van 'n styging in die produksie en nie van pryse nie. Dit beteken dat 'n toename in die geldbesit deur 'n toename in die produksie geneutraliseer word. Sodra die produksie nie meer uitgebrei kan word (as gevolg van volle indiensname) om in die toename in die vraag, weens 'n toename in die geldbesit, te voorsien nie, kan van inflasie gepraat word.

Ons moet nou nagaan watter oorsake die geldbesit laat toeneem ten einde inflasie onder 'n toestand van volle indiensname te veroorsaak.

(a) Die vernaamste is die uitgawes van die owerheid wat nie deur belastinge gedek word nie. By bewapening reik die staat nuwe geld uit en geldbesit neem toe. Wanneer die geld uit belastings verkry word, is dit nie die geval nie, want terwyl sommige mense se geldbesit toeneem daal dié van die belanstingbetaler.

(b) 'n Toename van die goudproduksie.

(c) 'n Styging in die goudprys. (In die laaste twee gevalle word van 'n „goudinflasie" gepraat.)

(d) As 'n toename in die goudproduksie en 'n styging in die goudprys vir 'n inflasie verantwoordelik kan wees, kan 'n toename in die produksie en die prys van ander uitvoerprodukte myns insiens ook beskou word as 'n aanleidende oorsaak vir inflasie. Hiermee neem die geldbesit van die indi-

widue van 'n land ook toe en sal hulle ook geneig wees om meer vir 'n artikel as voorheen te betaal.

### 3. Waarom moet inflasie bekamp word?

Die vraag ontstaan nou onwillekeurig: *waarom word daar gepoog om inflasie te bekamp?*

Inflasie en die daarmee gepaard gaande styging in die pryspeil moet eventueel gevolg word deur 'n styging in lone en salarisse, anders word dit vir die arbeider onmoontlik om in sy lewensbehoeftes te voorsien. Aangesien hierdie aanpassing noodwendig moet volg, het die vraag ontstaan of inflasie werklik nadelig is en of dit wenslik is om dit te bekamp.

Dit is so dat inflasie in die reël gepaard gaan met 'n radikale toename in die aktiwiteite op nywerheidsgebied en in die ekonomiese lewe oor die algemeen. Daarby maak die boere en sakemanne groot winste.

Die enkele voordele van inflasie is egter misleidend en weeg in ieder geval nie op teen die nadele daarvan nie. Onses insiens is dit in die algemene belang dat inflasie bekamp moet word en wel om die volgende redes:

(a) Inflasie is kumulatief van aard. Die aanpassing van die lone by die hoër pryspeil lei alleen maar tot verdere prysstygings. Waarheen sal dit lei as die styging in pryse ongehinderd voortgaan?

(b) Inflasie benadeel die krediteure in die geval van langtermyntransaksies. Ons kan dit aan die hand van die volgende voorbeelde illustreer: A leen aan B £1,000 vir 5 jaar teen 5% enkelvoudige rente. B is dus na 5 jaar £1,250 aan A verskuldig. Veronderstel ons kry nou inflasie. Pryse verdubbel gedurende die 5 jaar, of anders gestel, die waarde van die geld daal met die helfte. B betaal aan A sy £1,250, maar die waarde van die geld het intussen in so 'n mate gedaal dat A nou met die £1,250 slegs soveel kan koop as wat hy 5 jaar gelede met £625 kon koop.

(c) Die inkomste van sommige arbeidersgroepe pas hom nie aan of pas hom nie onmiddellik aan by die hoër pryspeil nie. Die inkomste van rentetrekkers, gepensioneerdes, en die wat volgens ooreenkoms of volgens wet salarisse kry, word selde verander, ongeag die inflasie.

(d) Inflasie gee aanleiding tot grootskaalse spekulasie op die aandele- en effektebeurse, asook met huise, motorkarre en ander vaste en roerende eiendomme. Daarby kry ons spekulasie met verbruikersgoedere en swartmarktransaksies. Dit kan alleen lei tot 'n oneweredige verspreiding van nuwe rykdom, en verdere prysstygings.

(e) Inflasie bring owerheidsgeleiding in die vorm van prysbeheer, in- en uitvoerbeheer, die vasstelling van rentekoerse en maksimum-lone

en op baie ander gebiede mee. Dit is 'n toestand wat vreemd is aan die vrye verkeershuishouding soos ons dit in die Westerse wêreld graag wil hê.

(f) Die skenkings aan universiteite, kolleges, hospitale, kerke en ander hulpbehoewende inrigtings neem af in tye van inflasie, nie alleen omdat die donateurs minder kan afstaan a.g.v. die hoër lewenskoste nie, maar ook omdat die koopkrag van die geld relatief gedaal het.

(g) Inflasie bring verder mee dat die publiek hulle vertroue in die owerheid van die land en die kapitalistiese ekonomie verloor.

(h) Statistieke dui daarop dat 'n toestand van morele vervlakking intree in tye van inflasie.

4. **Hoe kan inflasie bekamp word?**

(a) Inflasie kan in die eerste plek teengegaan word deur die toepassing van 'n prys- en loonstop. Dit is vir die owerheid nie moontlik om prys- en loonstygings algeheel te belet nie, maar die vasstelling van maksimumpryse en -lone dien as 'n redelike stimulus.

(b) Die tekort op 'n begroting moet sover moontlik voorkom word, bv. deur die verhoging van belastings.

(c) Rentekoerse moet verhoog word en winste moet belas word. Belasting verminder nie alleen die hoeveelheid geld in omloop nie, maar stel ook die geld ter beskikking van die staat, wat dit dan na goeddunke weer kan aanwend. 'n Verhoging van die rentekoerse ontmoedig beleggings.

(d) Verbruikerskrediet moet beperk word en groter sekuriteit moet deur die banke geëis word by die toestaan van lenings.

(e) Verpligte spare. Ons dink hier aan die wysigingswet op die Huurkoopwet. Die maatreël wat egter die meeste aangeprys is, is die item „verpligte spare" op die begroting vir 1953/54.

(f) Die staat kan invoerbeheer verminder om sodoende meer geodere op die maak te plaas.

(g) Die staat kan publieke beleggingsprogramme verminder. Dit sal die totale belegging in die gemeenskap verminder en hulp om die inflasionistiese druk te verlig.

5. **Deflasie en toekomsverwagtings.**

Gedurende die afgelope tyd het ons dikwels in gesprekke spekulasies oor 'n naderende depressie aangehoor. Volgens teorieë oor die ekonomiese dinamika kry ons een maal binne 7 of 11 jaar 'n depressie en op grond hiervan het verskeie persone, insluitende ekonome, voorspellings gewaag wat nie bewaarheid is nie. Met die gevolge van die „Groot Depressie" van 1929-

1932 nog vars in die geheue, staan mens verbaas wanneer deur sommige persone na 'n „klein depressie" verlang word.

So 'n depressietoestand, word geredeneer, sal die koopkrag van die geldeenheid weer in ere herstel,, Maar het die individu, wat hierdie redenasie volg, al nagedink oor wat 'n depressietoestand nou eintlik inhou? Dit is 'n toestand waarin ekonomiese aktiwiteite baie gering is, m.a.w. produksie neem af, werkloosheid ontstaan, pryse, winste en lone is laag en in sommige gevalle is daar verliese.

Hierdie toestand word teweeggebring wanneer meer goedere geproduseer word as wat werklik verbruik kan word, sodat surplusvoorrade ontstaan. Wanneer die vraag baie kleiner is as die aanbod, daal pryse geweldig en as hierdie toestand hom oor die hele bedryfslewe kenmerk kan van 'n depressie gepraat word.

In ons ekonomiese lewe kom versteuringe heel dikwels voor en daarom kan ons 'n klein teruggang en opgang as normale verskynsels beskou. Instede van ons ekonomiese lewe in hierdie lig te beskou word daar by die geringste terugslag vir 'n depressie gevrees. By 'n klein afname in besigheidsaktiwiteite kan hierdie „depressievrees" ernstige en nadelige gevolge op die ekonomie van 'n land hê. Wanneer persone vrees vir 'n verdere prysdaling verkies hulle om hulle geldbesit in 'n likwiede vorm te hou eerder as om dit „vas" te belê, ten einde die kontant beskikbaar te hê wanneer daar geleenthede vir winskope op 'n latere stadium ontstaan. Hierdie optrede strem die besigheidsaktiwiteite, en sodra hierdie houding groot afmetings aanneem kan dit 'n depressietoestand skep.

Sedert 1946 het die internasionale produksie van verbruikers-goedere fenomenaal uitgebrei. Die rede waarom verbruikersgoedere-pryse nog nie 'n groot terugslag ondervind het nie, moet toegeskrywe word aan 'n geweldige na-oorlogse tekort en inflasie. Handelaars verwag oor die algemeen stygings in die omset maar nie in dieselfde mate as verlede jaar nie. Maar dui dit nou op 'n dreigende depressie? Onthou moet word dat 'n depressie 'n reaksie is op 'n groot uitbreiding van die produksie. Die uitbreiding in Suid-Afrika was hoofsaaklik op die gebied van die vestiging van nuwe bedrywe. Hierdie uitbreiding was 'n stimulus vir pryse, want meer produksiefaktore is in diens gestel. Tot dusver het dit nie 'n groot toename in die produksie van verbruikersgoedere ten gevolg gehad, nie, maar sodra hierdie nuwe bedrywe oorgaan tot 'n grootskaalse produksie sal voorrade van verbruikersgoedere toeneem, en om hierdie rede is 'n geleidelike teruggang tot normaler toestande feitlik onvermydelik. Indien die ondernemers die prystendense nie noukeurig bestudeer nie en maar voortgaan met die uit-

breiding van produksie ten spyte van 'n prysdaling, sal dit op 'n depressie afstuur.

Die huidige politieke spanning tussen die Ooste en die Weste wat nog deur die Suezkanaalkrisis vererger is, verleen 'n prikkel tot ekonomiese aktiwiteit in die rigting van bewapening. 'n Oorlogstoestand kan weer tot 'n verdere inflasionistiese tydperk instede van 'n depressie lei.

Ingeval daar geen skielike verandering in die wêreldtoestande intree nie kan ons egter 'n teruggang verwag. Dit sal 'n afname in indiensname, laer loonpeile, kleiner winsgrense en laer pryse beteken. So 'n teruggang hou vir die produsent en handelaar groter mededinging in, met gevolglike voordele vir die verbruiker.

As gevolg van die skaarste aan goedere het die handelaar en die produsent hom in die verlede nie veel bekommer oor dienslewering aan die verbruiker nie. Met 'n toename in die voorrade relatief tot die vraag sal die ondernemer poog om in die begeertes van die verbruiker te voorsien. Mededinging sal winsgrense, wat in Suid-Afrika hoog is, verminder, en die swak en ondoeltreffende bedrywe uitskakel.

Kan so 'n teruggang op 'n moontlike depressie uitloop? Die antwoord is nie altyd so vanselfsprekend nie, maar daar beskaan redes tot optimisme. Met die prysvasstelling deur die owerheid se beheerrade word prysverlagings wat normaalweg deur die werking van vraag en aanbod sou intree, voorkom. Dit skakel die vrees vir 'n depressie tot 'n sekere mate uit. Aan die ander kant kan dit die gevaar van 'n sterk uitbreiding van die produksie in een bepaalde rigting inhou en by gebrek aan afsetgebiede kan dit groot verliese meebring.

### 6. **Enkele maatreëls om deflasie teen te gaan.**

Afgesien van bogenoemde uitwerking as gevolg van die staatsinmenging, kan die volgende maatreëls nog verder toegepas word om die deflasie en 'n moontlike depressietoestand teen te gaan. Onthou moet word dat dit slegs maar 'n paar van die baie metodes is wat in hierdie verbnad aangewend kan word.

(a) 'n Vermindering in die rentekoers kom gewoonlik eerste. 'n Goedkoop geldpolitiek kan 'n waardevolle uitwerking hê as dit in werking tree voordat die depressie sy verskyning gemaak het.

(b) Belastings op inkomste van indiwidue en maatskappye kan verminder word. So 'n vermindering verhoog die winskoers en moedig produksie en indiensname in verskillende bedrywe aan.

(c) Uitvoerbelasting en beperkings kan verminder word ten einde uitvoere te stimuleer. Wanneer die uitvoerbelasting verminder word, verbeter die buitelandse mededingende posisie van 'n land en die buitelandse mark vir produkte brei uit.

(d) Die buitelandse waarde van 'n land se geld kan verlaag word ten einde die uitvoere na die buiteland goedkoper te maak, waardeur die uitvoere aangemoedig word.

(e) Die regering kan sy begrotingsbeleid in 'n anti-deflasiepatroon omskep, m.a.w. groter uitbetalings maak as wat deur middel van belastings geïn word. Wanneer privaat beleggings 'n laagtepunt bereik het, moet die staat meer geld in publieke werke bestee om sodoende meer geld in omloop te bring, waardeur die geldbesit van die indiwidu dan weer vergroot word.

Hieruit blyk dus duidelik dat die staat vandag 'n magtige rol kan vervul in die beheer van ekonomiese tendense. Met die toename in die staatsbeheer binne ons moderne ekonomiese stelsel, waardeur die natuurlike werking van die ekonomiese kragte tot 'n mate uitgeskakel word, is die moontlikhede vir 'n skielike ineenstorting baie gering.

D. P. ERASMUS.

P.U. vir C.H.O.